Teks: Ps 29
Tema: As God praat . . .

Skriflesing

- NAV: Prys die Here, julle hemelinge! Prys die Here om sy eer en mag! [2]Prys die Here om die eer van sy Naam! Buig voor die Here by sy heilige verskyning! [3]Die stem van die Here weerklink oor die waters. Dit is die magtige God wat die weer laat dreun; die Here self is op die groot waters! [4]Die stem van die Here is magtig, die stem van die Here is vol majesteit. [5]Die stem van die Here kloof die seders van die Libanon oop. [6]Hy laat die Libanon bokspring soos 'n kalf en die Sirjon soos 'n jong bees. [7]Die stem van die Here laat weerlig uitslaan. [8]Die stem van die Here laat die woestyn bewe. Die Here laat die Kadeswoestyn bewe. [9]Die stem van die Here laat die wildsbokke ruk van skrik; dit stroop die bosse kaal. In sy paleis roep almal uit: "Hoe geweldig!" [10]Die Here heers oor die watermassas, Hy heers vir altyd as koning. [11]Die Here gee krag aan sy volk; die Here seën sy volk met oorvloed.
- Videoclip: Nousthunder
- Die Boodskap: Eer God, eer Hom, elkeen wat bo in die hemel is. Kyk net hoe belangrik is Hy; kyk na sy krag en maak Hom groot. Vertel vir almal hoe belangrik Hy is. Val dan self in aanbidding neer in sy oorweldigende teenwoordigheid. 'n Mens ervaar die teenwoordigheid van die grote God bo die gedruis van die magtige see. Sy stem is soos die donder wat daar slaan. As Hy praat, gebeur dit net so . . . Wie kan dan teëpraat? As die Here praat, is dit soos weerlig wat bome van bo tot onder oopkloof; ja, as Hy praat, laat die dreuning die grootste berge soos jong bokkies rondhuppel. As Hy iets sê, is dit soos weerlig wat slaan en dan bewe die verste woestyne. As Hy praat, is die mens magteloos soos 'n boer by sy lande in 'n vernietigende haelstorm. In sy oorweldigende teenwoordigheid kan 'n mens net uitroep: "Alle eer behoort aan God alleen!" Die Here regeer oor die geruis van die magtige see, want Hy is koning oor alles. Dit is hierdie Here wat sy kind sterk maak. Dit is hierdie Here wat sy kind omvou met alles wat nodig is.

Preek

Op Maandag, 5 Januarie 2009, maak JP Landman die volgende opmerking op Die Burger se webwerf: "'n Voorspoedige nuwe jaar." 'n Deel van my voel dit is nutteloos om dié wens uit te spreek, want 2009 kan eintlik nie 'n goeie jaar wees nie. Ekonomies gaan dit beslis swakker wees as 2008. Sommige mense gaan hul werk verloor; baie pensioentrekkers gaan noustrop trek; kleinsakemanne gaan veg om oorlewing. Die nuutste Gallup Management Journal, wat die week verskyn het, laat 'n soortgelyke stem hoor: "2009 will be a bad year, and even the good news won't do most people any

favors". Daar is baie mense wat 2009 benoud en onseker tegemoet gaan. Daar is ook baie stemme wat ons nog meer benoud en onseker maak as wat dit ons troos en hoop gee.

Daarom is dit vir my 'n voorreg om juis vandag, in 2009 AD (anno Domini – in die jaar van onse Here, dws 2009 jaar na die geboorte van Christus) Epifanie te kan vier. Juis in onsekere en benoude tye, maar ook in voorspoedige tye, kan gelowiges mekaar herinner aan die teenwoordigheid van God; mekaar ook help om die teenwoordigheid van die Here raak te sien en te beleef; mekaar herinner aan 'n ander stem – die stem van God – bo al die stemme van die ekonome, politici, analiste, teoloë en wie ook al dink dat hulle die reg het om 'n mening te kan gee of 'n voorspelling oor die toekoms te kan waag. Tussen al die stemme van wanhoop, onsekerheid en pessimisme is daar 'n magtige stem – God se stem wat hoop bring, lewe gee, vreugde en vrede gee.

Daarom vanoggend se tema: As God praat . . . In die Boodskap-vertaling word daar 5x verwys na: As God praat . . . In die NAV word daar 7x verwys na die stem van die Here. Die Psalm nooi ons om God as 't ware te "ontmoet", voor Sy aangesig te leef (coram Deo) - dat ons Sy stem sal hoor, met Hom sal praat, sal reageer op wat Hy van ons vra . . . Wanneer jy die Psalm lees, kom jy agter dat 'n lewe voor die aangesig van God nie 'n benouende en beklemmende saak is nie, maar dat 'n mens juis dáár teregkom in 'n "ruimte" waar jy werklik kan asemhaal en leef – in God se ruimte.

As God praat . . .

- kom almal en alles tot aanbidding
  Die Psalm is eintlik 'n gedig waar die storm nie as 'n demonstrasie van natuurkragte beskryf word nie, maar as 'n simfonie tot lof van die Skepper. Die hemelwesens word opgeroep: Vereer die Here; Verheerlik die Here; Dien die Here! Wanneer die Here sy heilige verskyning maak, moet hulle voor Hom buig. God gaan in 'n storm verskyn. Die teenwoordigheid van die Here moet in die storm gesoek word soos die volk van Israel dit in die vuur- en wolkkolom gedoen het. Uit ontsag vir Hom moet almal jubel en in eerbied neerval, want Hy alleen is dit waardig. Die psalmdigter wil dit as't ware uitjubel: Die Here is Heerser van die aarde. Hy alleen is soewerein. Hierin lê sy majesteit en heerlikheid. Daardeur word die eer van sy Naam geken oor die hele aarde. Elke keer as die Here se stem weerklik, maak dit mense bewus van Sy grootheid. Niks kan staande bly voor die stem van die Here nie en jy is bloot geloofsdoof as jy nie in hierdie lewe Sy stem wil of kan hoor nie.

  Dit bly vandag nog vir my een van die grootste wonderwerke hoe mense kan verander wanneer God

praat; hoe mense as't voor jou oë as nuwe mens gebore word wanneer hy/sy werklik die stem van die Here hoor. Ten spyte van baie mense se skeptiese vrae oor God en godsdiens, verander mense vandag nog as God praat. As God praat, word mense daardeur aangeraak.

Dit bly ook vandag nog vir my 'n wonderwerk hoe God situasies, soms uiters slegte situasie, ten goede laat meewerk vir die wat hom liefhet. Wanneer jy bewus word van die grootheid/die almag van God se stem, kan jy eintlik nie anders as om te begin wonder oor waarmee God ons vanjaar alles mee gaan verras nie. Ek, en ek glo jy ook, was al baiekeer in situasies waar jy net gevoel het: Wat nou? En dan ontdek jy weer-eens hoe God in so 'n situasie nuwe moontlikhede skep; ander deure oopmaak; ander perspektiewe bring.

Die pragtige van die psalm is: Dit is nie net God se kinders wat deur God se stem verras word nie: Die wêreld word bewus van God se stem; die hele natuur reageer op God se stem. Alles en almal op die aarde word betrek. Waar die Naam van die Here uitbasiun word, strek dit oor alle grense heen.

- hoor ons 'n stem van oorvloedige liefde wat omgee

In vs 10-11 kom die digter met twee stellings oor God tot die volgende slotsom: Hy sê die Here is koning vir altyd! Daarna voeg hy by: Hy sal die wat aan Hom behoort, sterk maak en seën. Die Boodskapvertaling lui: Hy sal sy kinders omvou met alles wat hulle nodig het. Die krag van God is nie 'n vernietigende krag nie, dit seën en versorg eerder sy kinders, sy volk, sy aarde. Die psalmdigter beklemtoon 'n klomp gawes wat Hy gee: krag, seën, lig, vrede, hoop. Met Jesus se geboorte, doop, optrede, kruisiging en opstanding weerklink God se stem uit die hemel: "Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug ek my". In Jesus se woorde en optrede word God se stem, wat na 'n lang tyd tussen die Ou en Nuwe Testament afwesig was, weer duidelik gehoor. Die skaarsheid van God se stem wat in Samuel se tyd ervaar is, word nou verbreek. God is nou hier in die persoon van sy Seun. In Jesus word die "breuk" van wanhoop 'n "deur" van hoop wat toegang verleen tot 'n nuwe lewe van oorvloed. Die genesings, wonders, vernuwing in menseharte en die lig wat die duisternis verdryf, kondig aan: God se stem is hier!; die koninkryk van God is hier by julle! Moenie vrees nie; julle hemelse Vader wat met mag in die storm verskyn het, is nou teenwoordig in Jesus Christus. Mense wat God as afwesig ervaar het, kan Hom nou ontmoet. Die goeie nuus, die evangelie van verlossing en bevryding, van liefde en sorg, mag nou gepreek word. Deur Jesus Christus en die Gees van God is God se stem

hoorbaar en elke dag by ons. En hierdie stem, is ‘n stem wat liefde uitstraal, versorging aanbied, hoop bring, lewe gee en versoening bewerk.

- word ons herinner aan ons roeping of gestuurdheid

  Wanneer ‘n mens bewus word van God se stem wat oor die aarde weerklink, dan word ‘n mens ook weer terdeë bewus van jou roeping. Met die viering van God se verskyning in hierdie wêreld, moet die kerk ook weer hoor wat haar opdrag is. Die stem van God het ons met ‘n duidelike opdrag in Matt 28 uitgestuur: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. [19]Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en [20]leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.” Die kerk, as liggaam van Christus, is onder andere ook draer van God se stem in hierdie wêreld. Ons is geroep om mense bewus te maak van God se stem. Tussen al die stemme wat ons elke dag hoor – in die koerante, oor die TV, op die webwerwe, by die werk, orals waar ons kom en beweeg – is dit ons voorreg om mense ook bewus te maak van dié ander stem: God se stem. Ek is bevrees dat God se stem vir baie mense in ons tyd vervaag het. Daar is baie redes hiervoor: Daar is vandag net te veel stemme – ons weet nie meer wat om te glo nie – ons herken nie meer God se stem tussen al hierdie stemme nie. Ons hoor ook graag net wat ons graag wil hoor – soms is die ander stemme vir ons meer aanvaarbaar en hanteerbaar as God se stem. Ons het self so deel geword van al die stemme en ‘n keuse gemaak vir ‘n bepaalde stem dat ons totaal en al doof geword het vir God se stem. Daarom moet ons onsself voortdurend afvra of ons nog ingestel is op God se stem.

Dit bring my by die vraag: Hoe kom God vandag na ons? Of anders gestel: Hoe hoor ons vandag nog God se stem?

- Die Woord – As iemand na God soek en ‘n ontmoeting met Hom begeer; as iemand graag die stem van God wil hoor en ervaar dat God met hom/haar praat, dan sal my eerste raad sekerlik wees: Lees die Bybel. Van my diepste en sekerste ervarings van ontmoetings met God hang saam met die lees en oordenking van God se Woord. Die Woord is natuurlik vir Christene nie net die Bybel self nie, maar ook Jesus Christus self as die Woord wat mens geword het. Agter die letters en woorde van die Bybel hoor en sien ek die lewende Christus. Daarom is die lees van die Bybel nie net die ontleding van die teks nie, maar ‘n verwagting dat God met my wil praat en my wil verander.
- Die erediens – In die Ou en Nuwe Testament was die erediens die geleentheid waar die teenwoordidheid van God saam gevier is. In Handelinge word ons

vertel dat die gelowiges op die eerste dag van die week (d.i. Sondag, die dag waarop die Here opgestaan het) bymekaar gekom het. Die doel van die byeenkoms was om Christus se opstanding te herdenk in die teenwoordigheid van die lewende, opgestane Here. Die sentrale oortuiging waarin hierdie byeenkomste gewortel was, was dat Jesus opgestaan het en hy self in en by die gemeente teenwoordig was. Om die erediens by te woon, was om in Sy teenwoordigheid te kom en Hom beter te leer ken.

- Die sakramente – Een van die spesiale maniere waarop die Here na ons kom, is deur die sakramente, in die besonder deur die nagmaal. Met die nagmaal vier ons Christus se kruisiging en opstanding op ‘n besondere manier, Hy self, so glo ons, is teenwoordigig en kom deel die vrug van sy dood en opstanding aan ons. Dit is belangrik dat ons die sakramente moet leer vier en leer waardeer.
- Ander gelowiges en deur die kerk – As die Here vir ‘n mens iets wil sê of leer, doen Hy dit dikwels deur ‘n ander persoon te gebruik. Dit is die taal van Hebreërs 11-12. Daar word ‘n hele skare geloofsgetuies aan ons bekend gestel wat die Here rondom elkeen van ons gegee het, wat ons aanmoedig en help op ons pad van geloof en dissipelskap ager Christus aan. Dit is ook so dat die Here nie net ander mense gebruik in dit wat hulle vir ons sê nie, maar in wat hulle vir ons is.
- In dade van diens gehoorsaamheid – Baie mense leef met ‘n verwagting dat God deur ‘n wonderwerk of direk met hulle sal praat. My ervaring is dat die meeste mense God se teenwoordigheid ervaar het of sy stem gehoor het wanneer hulle in gehoorsaamheidbegin doen het wat God in Sy Woord van ons vra. Dit is eers wanneer ons in gehoorsaamheid begin doen wat God in Sy Woord van ons vra, dat Hy op ‘n nuwe manier na ons kom en ons van sy waarheid en teenwoordigheid verseker.

Ek gaan 2009 AD (anno Domini – in die jaar van onse Here, dws 2009 jaar na die geboorte van Christus) met ‘n verwagting in – ’n verwagting dat wanneer Hy praat, dinge gebeur.

Yousaf Karsh is ’n Kanadese fotograaf wat gespesialiseer het in gesigsfoto’s van bekende mense. Die enigste foto wat hy ooit van die agterkant afgeneem het, was van die beroemde tjellis, Pablo Casals, in ’n klooster in 1954. Karsh vertel dat hy besig was om sy toerusting reg te kry, toe Casals Bach op sy tjello begin speel het. Karsh was so meegevoer deur die musiek dat hy skoon vergeet het hoekom hy juis hier is. In daardie God-oomblik het Karsh die foto van die klein, bleskop man wat sy tjello bespeel, afgeneem. Toe hierdie foto deel was van ’n Karsh-uitstalling in ’n Bostonse Museum, het die kurator agtergekom dat ’n ou man daagliks vir ure lank voor die foto stilstaan. Die kurator

het hom uitgevra hierna. Die ou man het saggies geantwoord: “Sjuut, kan jy nie sien ek luister na die musiek nie.” Karsh het Casals hoor Bach speel, en dit op foto vasgelê. Die ou man het daarna gekyk en kon die musiek hoor!

Kan jy die stem van die Here hoor wat soos musiek oral rondom jou - in die natuur, in jouself, in ander- speel?